# Hofgeboue ‘val oral uitmekaar’

Alicestine October

KAAPSTAD. – Die departement van justisie en grondwetlike ontwikkeling het gister in die parlement erken daar word te veel pleisters geplak op hofgeboue wat letterlik uitmekaar val.

Die departement het ’n voorlegging oor sy planne en begroting aan die parlementêre portefeuljekomitee oor justisie en grondwetlike ontwikkeling gedoen.

Mnr. John Jeffery, ANC-LP, het kommer uitgespreek oor hofgeboue wat nie behoorlik in stand gehou word nie.

Hy het verwys na klagtes wat landwyd ontvang word oor hofgeboue waar lugversorgingstelsels en toilette onder meer nie werk nie.

“Een van die regters in die appèlhof het al gekla oor die lugversorging in die hof wat sedert verlede jaar buite werking is. Ook in die hooggeregshof in Durban werk die toilette en die lugversorging nie. Dit blyk daar is niemand in die howe wat vir instandhouding verantwoordbaar gehou kan word nie.”

Volgens hom is dit verkeerd dat regters LP’s moet vra om te help en kan sulke probleme dienslewering raak.

“ ’n Beter stelsel sal geskep moet word.”

Jeffery het ook verwys na regters in Durban wat hofsittings sonder togas lei, want dit is eenvoudig te warm in hul howe.

Me. Tshilidzi Ramanyimi, hoofdirekteur vir geriewe en infrastruktuur van die departement, het in reaksie gesê die meeste hofgeboue en toerusting is verouderd.

“Die hooggeregshof in Durban is meer as 40 jaar oud en die toerusting is uitgedien. Daarom gee meer goed, soos die lugversorgingstelsel, gereeld in.”

Volgens Ramanyimi gaan die departement vanjaar net op die opknapping van ablusiegeriewe by howe fokus.

# Geheime fonds frustreer LP’s

Philda Essop

KAAPSTAD. – Spanning tussen LP’s en die polisie se topbestuur oor die polisie se geheime intelligensiefonds het gister in die parlement byna breekpunt bereik.

Me. Sindi Chikunga, komiteevoorsitter, het die polisiebestuur in ’n stadium gewaarsku die komitee kan weier om die begroting vir misdaadintelligensie goed te keur.

Dié fonds was onlangs in die nuus oor die beweerde misbruik daarvan deur onder meer lt.genl. Richard Mduli, hoof van misdaadintelligensie. Hy is vroeër weens korrupsie uit die polisie geskors, maar onlangs weer aangestel.

Die ongemaklikheid tussen Mdludi en die genl. Nhlanhla Mkhwanazi, waarnemende nasionale polisiekommissaris, was ook tasbaar. Mkhwanazi het Mdluli nie die geleentheid gegee om vrae te beantwoord nie.

Die komitee het die polisie se strategiese plan en begroting vir die 2012-’13-boekjaar bespreek.

Die portefeuljekomitee oor polisie en die staande komitee oor intelligensie is deels verantwoordelik vir die oorsig van die geheime intelligensiefonds.

Mkhwanazi moes vrae beantwoord oor die R2,1 miljard wat begroot is vir misdaadintelligensie. ’n Gedeelte daarvan word ook vir geheime operasies gebruik.

Me. Dianne Kohler Barnard, DA-LP, wou weet hoe die polisie weet die R2,1 miljard dra by tot die oplossing van misdaad. Geen teikens is gelys vir dié program nie.

Me. Annelise van Wyk, ANC-LP, het gesê ’n beter maatstaf is nodig waaraan misdaadintelligensie gemeet kan word. Volgens haar Wyk wil die komitee nie geheime inligting hê nie, maar is hy daarop geregtig om te weet hoe die R2,1 miljard bestee gaan word.

## Outeursreg

Die Burger is ’n lid van die Sirkulasieburo van Suid-Afrika, en word bestuur, gedruk en uitgegee deur Media24 Koerante, namens die eienaar, Media24 Beperk, Heerengracht 40, Kaapstad.
Ingevolge Art. 12(7) van die Wet op Outeursreg 1978 mag geen berig, artikel of foto sonder verlof van die eienaar gereproduseer word nie.

## Persraad

*Die Burger* onderskryf die Suid-Afrikaanse Perskode wat ons verbind om joernalistiek te beoefen wat gegrond is op die waarheid, asook akkuraat, regverdig en gebalanseerd is. Indien ons nie voldoen aan die vereistes van die Perskode nie, is lesers welkom om dit onder die aandag van die Persombudsman te bring by ☎ 011 484 3612/8, faks 011 484 3619 of e-pos ombudsman@presscouncil.org.za of khanyim@ombudsman.org.za.

## Verduidelikings en regstelling

Stuur inligting oor die regstelling van foute in die koerant aan *Die Burger* se ombudsman, Hendrik Coetzee, per e-pos na ombudsman@dieburger.com, bel hom by ☎ 021 406 4324 of stuur ’n faks na 021 406 3826. *Die Burger* verwelkom voorstelle en kommentaar oor die koerant se inhoud.

WES KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT

SÊ JOU SÊ

Voorleggings en Verhore

Die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se Staande Komitee oor Plaaslike Regering nooi belanghebbendes en belangstellende partye uit om skriftelike voorleggings oor die **Wetsontwerp op Tradisionele Howe [W1-2012] (NRVP)** in te dien.

Die doel van die Wetsontwerp is om erkenning aan die tradisionele regstelsel en sy waardes te gee, gegrond op herstellende geregtigheid en rekonsiliasie; om voorsiening te maak vir die struktuur en funksionering van tradisionele howe in lyn met grondwetlike vereistes en waardes; om gewoontereg en die gewoontes van gemeenskappe wat ’n stelsel van gewoontereg in ag neem, te bevorder; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

**Openbare verhore sal soos volg gehou word:**

- **Datum:** Dinsdag, 24 April 2012 Plek: Die Raadsaal, 6de Verdieping, Provinsiale Wetgewer-gebou, Waalstraat 7, Kaapstad. Tyd: 09:00 tot 13:00.
- **Datum:** Woensdag, 25 April 2012 Plek: Die Raadsaal, 6de Verdieping, Provinsiale Wetgewer-gebou, Waalstraat 7, Kaapstad. Tyd: 09:00 tot 13:00.

Voorleggings moet die Komiteekoördineerder, Anneke Clark, teen nie later nie as Maandag, 23 April 2012 by die Komitee-afdeling, 4de Verdieping, Wetgewer-gebou, Waalstraat 7, Kaapstad 8000 bereik. Dui asseblief aan of u ’n mondelinge voorlegging aan die Komitee wil doen.

Bring asseblief bewys van identifikasie om toegang tot die Provinsiale Wetgewer-gebou te verkry.

**Vir navrae, om te RSVP en/of om afskrifte van die Wetsontwerp te bekom, kontak asseblief vir Anneke Clark: telefoon 021 487-1717, faks 021 487-1685 of e-pos: aclark@wcpp.gov.za**

**Uitgereik deur:** Mnr JJ Visser, LPP: Voorsitter van die Staande Komitee oor Plaaslike Regering

Human Communications (Cape) 94420A

VERAL AAN ETES BESTEE

# ‘Vermaak’ kos staat R77 m.

## ‘Streng beheer nodig’

Jan-Jan Joubert

KAAPSTAD. – Staatsdepartemente het binne twee boekjare meer as R77 miljoen bestee aan wat die tesourie “vermaak” noem – veral middagetes en aandetes op belastingbetalerskoste.

Dít blyk uit inligting deur die navorser en rubriekskrywer Gareth van Onselen op die webblad www.inside-politics.org.

Van Onselen is ’n werknemer van die DA, maar die webblad is sy persoonlike inisiatief met ontleding van en kommentaar op Suid-Afrikaanse politiek vanuit ’n liberale perspektief.

Volgens die webblad het die nasionale tesourie in 2009 ’n nuwe kategorie geskep wat as deel van die jaarlikse verantwoording van besteding deur staatsdepartemente gebruik moet word.

**WAT VAL ONDER VERMAAK?**

Dié kategorie is “vermaak” en sluit, volgens die tesourie se definisie, “middagete-vergaderings met kollegas, buitelandse afvaardigings en/of ander individue binne en buite die staatsdiens” deur senior bestuurders van staatsdepartemente in.

Ook die “aankoop van aandete tydens goedgekeurde oortyd, solank dit ná 20:00 is en geen ander betaling daarvoor goedgekeur is nie”, moet as “vermaak” aangedui word.

Staatsdepartemente kan – maar hulle hoef nie – ook “geskenke (waaronder blomme), private vermaak en koste van etes vir individue wanneer hulle werk weg van hul standplaas verrig” as “vermaak” klassifiseer.

Die syfers wat Van Onselen uit die mees onlangse beskikbare jaarverslae van staatsdepartemente saamgestel het, toon die departement van internasionale betrekkinge en samewerking gee 51% van die nasionale regering se vermaakbegroting uit. **(Sien grafika hiernaas.)**


**STRENG BEHEER KORT**

Die ander twee groot eet-departemente is die polisie en verdediging, met ekonomiese ontwikkeling (R2 000), samewerkende regering (R12 000) en landelike ontwikkeling (R15 000) wat darem nie so baie eet terwyl die belastingbetaler opdok nie.

Van Onselen gee toe dat sake-etes dikwels plaasvind, maar voer aan dat ’n politieke omgewing wat deur oordadige geldvermorsing van die regering gekenmerk word, baie streng beheer van sulke onkoste noodsaak.

Hy sonder die departement van verdediging as waarskynlike groot sondaar uit: “Teen ’n rojale gemiddelde van R1 000 per sakeete het die departement van verdediging 9 170 etes in 2010-’11 gekoop. Volgens die jaarverslag van die departement was daar in daardie boekjaar 303 senior bestuursposte, waarvan 262 gevul was, maar die minister en haar ampsdraers uitgesluit.

“Teen ’n gemiddelde van R1 000 is dit 35 etes per senior bestuurder per jaar,” het Van Onselen bygevoeg.





Mnr. Gareth van Onselen.

> “Ook die aankoop van aandete tydens goedgekeurde oortyd moet as ‘vermaak’ aangedui word.

KAAPSTAD INTERNASIONALE LUGHAWE (“CTIA”)

BODVERWYSINGSNOMMER: CTIA/13/04

Die Suid-Afrikaanse Lughawemaatskappy Beperk ( ‘ACSA’ ) nooi belangstellende kontrakteurs met toepaslike ondervinding uit om ‘n bod in te dien vir die konstruksie van die nuwe Gronddienstetoerusting ( “GSE” ) werkswinkelgeboue by die Kaapstad Internasionale Lughawe.

**Bodbeskrywing**
Die konstruksie van “ACSA” se nuwe Gronddienstetoerusting(“GSE”)-werkswinkelfasiliteite sal geleë wees in die ‘Airside’/Vliegkant-Suid-gebied by die Kaapstad Internasionale Lughawe. Die projekomvang bestaan uit die konstruksie van 3 stelle geboue met werkwinkels en verwante administrasiekantore, wasplek & brandstofbergingsfasiliteite, tuinuitleg, plaveisel/bestrating en ‘n nuwe toegangspad na die terrein.

**Afhaal van Dokument**
Boddokumente in CD-formaat sal aan die bieërs beskikbaar gestel word vanaf 20 April 2012 tot 8 Mei 2012 van 08:30 tot 16:00 by die kantoor van Narker & Genote, Bourekenaars, Commercialstaat 11, Kaapstad.

‘n Nie-terugbetaalbare bedrag van R2000 per boddokument word vereis voor die dokument afgehaal word en is betaalbaar in kontant of per bankgewaarborgde tjek uitgemaak aan “Airports Company South Africa Limited (“ACSA)”.

**Kriteria**
- Bieërs moet ‘n geldige minimum vlak “4 B-BBEE”-bydraer wees, soos bevestig ooreenkomstig die Kodes van Goeie Praktyk vir “B-BBEE” uitgereik deur die Departement van Handel en Nywerheid (“DTI”).
- Alleenlik kontrakteurs met ’n minimum 7GB-gradering kom in aanmerking om te bie.
- Bieërs moet “ACSA” se Bepalings en Voorwaardes om te Bie aanvaar.
- Bieërs moet ‘n oorspronklike, geldige Belastingklaringssertifikaat, soos uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, saam met hulle Bod indien.

**Tenderinligtingsvergadering**
‘n **Verpligte** inligtingsvergadering en terreininspeksie met verteenwoordigers van die Werkgewer word gehou by die Projekte-raadskamer op die 2de Vloer, Suidelike kantoorblok, Kaapstad Internasionale Lughawe op **4 Mei 2012 om 11:00.** Bieërs wat na 11:15 opdaag, sal nie in die raadskamer toegelaat word nie.

**Inhandiging / Sluitingsdatum**
Alle Boddokumente moet **nie later as 11:00 op Woensdag 16 Mei 2012** ingedien word in ‘n verseëlde koevert, duidelik gemerk met die beskrywing en Bodverwysingsnommer, en **moet** afgelewer word by die kantoor van Narker & Genote, Commercialstaat 11, Kaapstad. Geen **laat** boddokumente of boddokumente per faks of e-pos sal aanvaar word nie.

Reg No: 1993/04149/30

**Navrae**
Alle navrae moet per e-pos of faks gestuur word na:
E-pos: shane@argdesign.co.za
Faks: 021 448 2667

www.airports.co.za

CAPE TOWN INTERNATIONAL AIRPORT
AIRPORTS COMPANY SOUTH AFRICA

# Begrawe strydbyl, sê Mugabe


Pres. Robert Mugabe van Zimbabwe gister in Harare by die 32ste onafhanklikheidsvierings in die land. In sy toespraak het hy gesê politieke geweld moet “in die verlede begrawe word”. Foto: AP

HARARE. – Politieke geweld moet “in die verlede begrawe word” om die nasie ’n hupstoot te gee na ’n vrye en onbelemmerde verkiesing, het pres. Robert Mugabe van Zimbabwe gister gesê.

In ’n ongewone afwyking van sy gewone vingerwysing na teenstanders en kritici het Mugabe tydens die land se 32ste onafhanklikheidsvieringe erken dat geweld en intimidasie lank ’n skadu oor veldtogte gewerp het.

Hy het gesê hy het politici wat aan die verkiesing deelneem, gevra om terug te kyk na hoe “ons ons mense verkeerd behandel het” deur geweld en “onderonsies tussen onsself”.

Mugabe se party-militante en volgelinge in die weermag en polisie word geblameer vir baie van die geweld en politieke intimidasie wat verkiesings sedert 2000 belemmer het.

“Ons moet absolute sorg en versigtigheid aan die dag lê en verseker die bakleiery van gister word in die verlede begrawe,” het hy gesê.

Mugabe (88) het in ’n redenende en dikwels aarselende toespraak van 50 minute – korter as sy gewone, vurige openbare toesprake van 90 minute – gesê kiesers moet toegelaat word om by die party van hul keuse aan te sluit en vrylik daarvoor te stem.

“Alle bakleiery en alle struwelings wat gewelddaadig was, behoort nie toegelaat te word nie,” het hy gesê. Lidmaatskap tot ’n politieke party “behoort nooit afgedwing” te word nie.

“Ons organiseer onsself op die grondslag van vryheid van keuse, deur aan ’n party van ons keuse te behoort en vrylik vir daardie party van ons keuse te stem.” Mugabe se party word dikwels gekritiseer omdat hulle kiesers dwing om dit te ondersteun en kos-noodlenigingshulp as ’n politieke wapen gebruik om stemme te kry.

Mugabe het nie verwys na bewerings oor sy swak gesondheid nie. – **Sapa-AP**

■ Sien *’n Ander mening* op bl. 14.